# Liggies vir Lewe-Fees: 2023

# Uitstaller Aansoekvorm

## Tema: #OnsGee #StarryNight

Uitstaller nr:

## 3 – 6 Desember 2023

1. Voltooi die aansoekvorm en maak seker jy verstaan die **Bepalings en Voorwaardes**.
2. Stuur jou voltooide aansoekvorm na: ngpparkkomm@mweb.co.za – ASB GEEN WHATSAPP NIE.
3. **Alle aansoeke sluit 27 Oktober 2023** – geen uitsonderings.
4. Geen aansoekvorm word aanvaar sonder R250 deposito nie.
5. Indien jou aansoek suksesvol is, word die uitstaande bedrag vir jou stalletjie betaal. Jou uitstalruimte word slegs verseker indien die volle bedrag teen 10 November 2023 betaal is.
6. Indien jou aansoek nie suksesvol is nie, word die R250 aan jou terugbetaal.

Aansoeker naam en van: ______________________________

Naam van besigheid/stalletjie: ______________________________

Aansoeker ID Nommer: ______________________________

**(Afskrif van ID moet saam met aansoek ingedien word)**

Aansoeker adres: ______________________________

Kontakbesonderhede Telefoon: ______________________________

Eposadres: ______________________________

Produk/te beskrywing: ______________________________

______________________________

**Bv: kos, tuisgebak, roomys, handwerk, klere, juwele – asook beskrywing – NB!**

Foto's aangeheg: **Geen uitstaller sal goedgekeur word sonder foto's nie.**

Uitstalruimte: **Merk die uitstalruimte waarvoor jy aansoek doen**:

| Vereiste | Koste | Deposito | Bt | Uitstaande bedrag | Bt |
|---|---|---|---|---|---|
| **3x3 buite** | **R 1 200** | R250 | | R 950 | |
| **6x3 buite** | **R 1 800** | R250 | | R1 550 | |
| **Koswaentjies (SLEGS buite)** | **R 2 000** | R250 | | R1 750 | |
| **2 x 2 binne (beperk)** | **R 1 000** | R250 | | R 750 | |

**NB!!** Kragvereistes: ______________________________

(nl **waarvoor** het jy krag nodig; en **watse tipe krag**, bv 220v)

Opmerkings: ______________________________

# Bepalings en Voorwaardes

**NG Proteapark verhuur hiermee die spesifieke spasie wat aan die uitstaller toegeken is gedurende die Liggies vir Lewe-Fees 2023 onderhewig aan die volgende Bepalings en Voorwaardes:**

1. Die sluitingsdatum vir alle aansoeke is **27** Oktober 2023. Geen aansoeke word aanvaar sonder 'n R250 deposito en ID dokument nie. Indien jou stalletjie goedgekeur word, is die volle bedrag betaalbaar.
2. Suksesvolle/afgekeurde applikante word per epos in kennis gestel, teen nie later as 10 November 2023 nie. Indien jou stalletjie nie goedgekeur is nie, word jou deposito dan aan jou terugbetaal. Indien jy onttrek van die fees en jy het reeds die deposito betaal, dan verbeur jy jou deposito.
3. Alle aansoekvorms moet met foto's en beskrywings van produkte vergesel word. Geen ander produkte word tydens die fees toegelaat nie. **Omdat ons alle stalletjies evalueer op grond van die produkte wat by die fees aangebied gaan word, mag stalletjies onder geen omstandighede ander produkte ook aanbied nie. Ons wil sover moontlik duplikasie van produkte beperk (maw: nie twee van dieselfde produkte tydens die fees nie).**
4. Alle inbetalings word soos volg gedoen:
   a. **EFT betaling**: NG Proteapark; Absa Tjekrekening: 1220 580 683
   (Tak: Rustenburg; takkode: 632 005) – POP: 082 785 2439 (NB).
   b. ***Verwysing***: *LFees/Uitstallernaam/dep (**vir deposito's**)*
   *LFees/Uitstallernaam/Uitstaande (**vir die uitstaande bedrag**)*
   c. ***Geen ander kostes of kommissie word op 'n stalletjie gevorder nie.
5. NG Proteapark doen alle plasings van stalletjies soos dit betaal word. Stalletjiehouers mag nie spasies onder mekaar rondskuif sonder die goedkeuring van NG Proteapark nie.
6. Dis elke stalletjiehouer se verantwoordelikheid om hul stalletjie netjies en skoon te hou deur die verloop van die fees. Die uitstaller onderneem hiermee om die uitstalspasie in dieselfde toestand te hou soos hy/sy dit gekry het. Indien enige skade deur die uitstaller aangerig word, sal die uitstaller verantwoordelik gehou word vir die herstelkoste. Inspeksie van stalletjies sal op 'n daaglikse basis gedoen word.
7. Alle kosstalletjies moet voldoen aan die munisipale regulasies, en **dokumentasie moet ingesluit word** by die aansoekvorm. Alle kosstalletjies moet 'n brandblusser hê tydens die fees.
8. Kragvereistes moet jou aansoekvorm vergesel en goedgekeur word deur NG Proteapark se terreinbestuurder.
9. Alle stalletjiehouers is verantwoordelik om hul **eie kragverlengings en kragproppe te voorsien** – alle kabels moet deur NG Proteapark se terreinbestuurder goedgekeur word.
10. NG Proteapark het geen beheer oor **Eskom** se beurtkrag nie. Die kerk het 'n kragopwekker wat tydens die fees beskikbaar sal wees en sal poog om alle stalletjiehouers te akkommodeer. Maar ons kan ongelukkig nie kragvoorsiening waarborg onder hierdie omstandighede nie.
11. Elke stalletjie moet asb **gereeld** gesaniteer word. Geen kos mag vir die publiek verskaf word sonder die nodige handskoene en sanitasie van hande nie.
12. **Uitstallers word gevra om asb buite die terrein te rook**.
13. Alle uitstallers is verantwoordelik vir hul eie stoele, tafeldoeke, liggies, gazebo's ens.
14. Omdat dit 'n Liggiefees is, moet alle stalletjies met liggies opgemaak wees. Pryse word aangebied vir uitstallers wat baie moeite doen om hulle stalletjies te versier. Hierdie jaar se tema is Van Gogh se "Starry Night".
15. URE: Alle stalletjies moet tussen 16:00 en 21:00 oop en beman wees. Elke uitstaller beman elke dag hul eie stalletjie.
16. **Alle nodige maatreëls sal getref word ten opsigte van veiligheid en sekuriteit, maar NG Proteapark neem geen verantwoordelikheid vir enige skade of verliese nie.**
17. Alle stalletjiehouers is verantwoordelik vir hul eie akkommodasie en -kostes tydens die fees. Niemand mag op die kerkterrein tydens die feestydperk oornag nie. Maak asb vroegtydig voorsorg.
18. Stalletjiehouers moet Saterdag, 2 Desember of Sondagoggend, 3 Desember hulle stalletjies kom oprig. Finale afronding word op Sondagmiddag, 3 Desember gedoen. Maak asb vroegtydig met Christel Herbst reëlings indien jy enigsins onseker is. Die opening van uitstallers in die kerk is om 15:00. Alle uitstallers moet dit asb bywoon. **Die fees begin Sondag om 16:00.**
19. **Geen stalletjies mag alkohol of gaskoeldrank verkoop nie. Alle gaskoeldrankverkope, sosatieverkope en pannekoekverkope word deur NG Proteapark self gedoen.**
20. NG Proteapark is verantwoordelik vir die bemarking van die fees. NG Proteapark neem egter geen verantwoordelikheid vir produkte wat nie verkoop word nie, en kan geensins waarborg dat spesifieke produkte verkoop gaan word nie. Ons poog om genoeg mense bewus te maak van die fees. Ons maak staat daarop dat jy ook die nodige bemarking vir jou eie stalletjie sal doen. Hou asb ons Facebook-blad dop vir daaglikse bemarking van ons fees.
21. **Parafeer asb beide bladsye vir kennisname en goedkeuring. Hiermee aanvaar jy die Bepalings en Voorwaardes soos in hierdie dokument uiteengesit is.**
22. Vir verdere navrae, kontak gerus vir Christel Herbst by **ngpparkkomm@mweb.co.za**.